

Die Sendbrief van Jakobus

Hoofstuk 1

1. Die skrywer

Die skrywer van hierdie Bybelboek is nie Jakobus die apostel nie (trouens daar was twee apostels met die naam Jakobus: Jakobus die seun van Alfeus en Jakobus die seun van Sebedeus). Die apostel Jakobus was die seun van Sebedeus. Hy was die Here se neef, want hulle moeders was susters. Jakobus staan altyd in die Bybel bekend as die seun van Sebedeus - as hy die skrywer was, sou hy so aangedui wees.

Vergelyk vir sy naam onder andere die volgende gedeeltes:

En toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers, Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, sy broer, in die skuit saam met hulle vader Sebedeus, besig om hulle nete heel te maak; en Hy het hulle geroep. (Matteus 4:21 AFR53)

En in daardie dae het Jesus van Násaret in Galiléa gekom en is deur Johannes in die Jordaan gedoop. (Markus 1:9 AFR53)

en verder Jakobus, die seun van Sebedeus, en Johannes, die broer van Jakobus-aan hulle het Hy die bynaam Boanérges gegee, dit is, seuns van die donder - (Markus 3:17 AFR53)

En Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, het na Hom gekom en gesê: Meester, ons wil hê dat U vir ons moet doen wat ons U ook al mag vra. (Markus 10:35 AFR53)

Nog 'n rede waarom dit nie hierdie Jakobus kan wees wat die brief geskryf het nie, is omdat Herodes hom vroeg al vermoor het. Toe hy vermoor is, was die mense aan wie die Jakobus-brief gerig is, nog nie daar nie.

En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring. (Handelinge 12:2 AFR53)

Dan was daar die Jakobus wat die Here Jesus se broer was. Die Bybel onderskei hom van die ander Jakobusse wat daar onder die Christene was:

Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van sy moeder nie Maria en dié van sy broers Jakobus en Joses en Simon en Judas nie? (Matteus 13:55 AFR53)

Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria, en die broer van Jakobus en Joses en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie? En hulle het aanstoot aan Hom geneem. (Markus 6:3 AFR53)

en ek het niemand anders van die apostels gesien nie, behalwe Jakobus, die broer van die Here. (Galasiërs 1:19 AFR53)

Hy het eers nie in die Here geglo nie. Die apostel Johannes (wat hulle neef is!) verhaal dit in die evangelie wat hy skryf (Johannes 7:5):

Want ook sy broers het nie in Hom geglo nie. (Johannes 7:5 AFR53)

Maar later dan kry ons die broers van die Here Jesus wel onder die gelowiges in die gemeente!

Hulle almal het eendragtig volhard in gebed en smeking, saam met 'n aantal vroue en Maria, die moeder van Jesus, en met sy broers. (Handelinge 1:14 AFR53)

Daar is Skrifverklaarders wat beweer dat Jakobus tot bekering sou gekom het na die Here Jesus se

opstanding. Met verwysing na 1 Korintiërs 15:7 word dan beweer dat die Here Jesus spesiaal aan Jakobus verskyn het (soos aan Thomas) en dat dit hom tot bekering sou laat kom. (NB: Dit mag dalk die geval wees, maar die Bybel openbaar nie dat dit inderdaad die geval is nie.)

Daarna het Hy verskyn aan Jakobus; daarna aan al die apostels; (1 Korintiërs 15:7 AFR53)

2. Die geadresseerdes

Die brief word geskryf aan die twaalf stamme wat in verstrooiing is.

- Dis waarskynlik dat ons hier werk met 'n figuurlike aanspreekvorm wat die hele Israelitiese volk insluit.
- Daar is voorbeelde in sowel die Ou as die Nuwe Testament: Exodus 24:4;

Handelinge 26:7; Openbaring 21:12.

NB: Die brief word nie geskryf vir Jode nie.

- Die gaan oor die nuwe Israel: die Christendom.
- Die motivering is dat die brief geskryf word aan mense wat op die hoogte is met die werk en betekenis van die Here Jesus Christus. Vergelyk Hoofstuk 1:1 en 2:1.

Jakobus, 'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete! (Jakobus 1:1 AFR53)

My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlijkheid, nie wees met aanneming van die persoon nie. (Jakobus 2:1 AFR53)

Jode het nie in Jesus Christus geglo nie. Hulle het aan die Ou Testament geglo.

Die brief word dus gerig aan Christene wat oor die hele destydse wêreld verstrooi was - wat dus voorgekom het onder al die volke wat daar was.

Uit Hoofstuk 5:7 kan afgelei word dat die brief selfs geskryf word aan Christene in Palestina, want daar word vermeld dat die land vroeë en laat reën kry.

- Dit was tipies van Palestina en die deel van Sirië wat aan die see gefront het. Dit was ook waar van 'n gedeelte van Antiogië.
- As ons dus baie eng wil wees, en ons sou die eerste geadresseerdes wil afbaken, moet ons sê dat hulle Jode-Christene is wat in Sirië, Palestina en Antiogië gewoon het.
- Handelinge 8:1 verwys inderdaad na sulke Christene wat tot stand gekom het na die dood van Stephanus, as gevolg van die vervolging van die Christene in Jerusalem.

3. Tyd van skrywe

Die boek kan waarskynlik een van die oudste boeke van die Nuwe Testament wees.

- Dit is waarskynlik baie vroeg geskryf - direk vanaf die Christenvervolging en nadat Stephanus doodgemaak is.
- Datering: Moontlik 43 of 44 na Christus.

4. Verklaring van die inhoud van die boek Jakobus

Vers 1: Inleiding

Jakobus, 'n diensknecht van God en die Here Jesus Christus, aan die twaalf stamme wat in die verstrooiing is: Groete! (Jakobus 1:1 AFR53)

Jakobus stel homself bekend en kondig aan wie die lesers van die brief is. Tog skryf hy baie belangrike dinge oor homself - wat ook oorgedra word op die lesers wat hulle met die inhoud van sy skrywe vereenselwig:

Hy is 'n slaaf van die Here Jesus Christus

Dit beteken:

- 'n Slaaf soek geen eer vir homself nie.
- Hy is geheel en al in diens van die Here Jesus Christus
- Hy is onderworpe aan Jesus Christus
- Hy wag sy bevele af van sy Besitter, die Here Jesus Christus.

Vers 2-18: Versoekings

Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie. En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyte, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie- so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë. Maar laat die broeder wat gering is, roem in sy hoogheid, en die ryke in sy geringheid, want soos 'n blom van die gras sal hy verbygaan. Want die son gaan op met sy hitte en laat die gras verdor, en sy blom val af, en die sierlikheid van sy gedaante vergaan; so sal die ryke ook in sy weë verwelk. Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort. Moenie dwaal nie, my geliefde broeders. Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eerstelingen van sy skepsele kan wees. (Jakobus 1:2-18 AFR53)

Vers 2

Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, (Jakobus 1:2 AFR53)

Die eerste onderwerp wat Jakobus behandel, is versoekings.

- Onder versoekings verstaan ons dat die satan (met toestemming van die Here) lyding oor ons in ons lewens bewerk.
- NB: Hy kan die teenoorgestelde ook doen: Hy kan voorspoed bewerk en dit gebruik om jou van God te vervreem of om jou in die sonde in te lok.

Die inhoud van die res van die brief laat ons verstaan dat Jakobus met versoekings op lyding sinspeel.

- Die mense aan wie Jakobus skryf, het lyding verstaan as 'n ramp wat deur die duiwel bewerk word.
- Op 'n manier het dit gedreig om hulle in sondes te laat val. Vergelyk ook hoofstuk 4:7:

Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. (Jakobus 4:7 AFR53)

Christene moet juis nie dink en voel dat die duiwel hulle bedreig nie. Christus het vir hulle die versoeking weerstaan en oorwin

Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. (Hebreërs 4:15 AFR53)

Die satan kan aan ons niks doen tensy God hom toelaat om dit te doen nie.

- Waarom laat die Here die Satan toe om met versoekings op ons pad te kom?
- Omdat die Here dit gebruik om ons geloof te louter/suiwer.

Hierdie vers is die eerste een van 'n aantal paradokse wat met die eerste oogopslag teenstrydig lyk, maar tog ten volle waar is.

- Die lesers het gebuk gegaan onder lyding.
- Daarvan skryf Jakobus dat hulle dit as louter vreugde moet ag as allerhande versoekings oor hulle kom!
- Jou pyn moet jou blydschap wees!??

Kyk ook na die woord allerlei/allerhande soorte. Die res van die brief verduidelik watter verskillende ellendes/versoekings alles oor die verstrooide Christene gekom het.

Vers 3

omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. (Jakobus 1:3 AFR53)

Wat is die vrug van lyding? Die lesers het dit al klaar uitgemaak - hulle weet! Daar gebeur 'n proses:

- Die versoeking tref die geloof.
- Dan kom die geloof in die smeltkroes, met ander woorde die selfondersoek bring die gelowige wat beproef word, tot op die punt waar hy besef dat daar baie sondes deur sy geloofslewe vleg.
- Die beproewing lei die gelowige dan om van die onsuiverheid in sy geloof ontslae te raak en om suiwer en eg te word.

Daarna gaan die proses verder:

- 'n Geloof wat suiwer gemaak is, maak dat die gelowige nie langer aan die duiwel toegee nie.
- Daar is dus wisselwerking: Die versoeking laat 'n egte/ware/opregte geloof na vore kom. Hierdie egte geloof werk volharding - die volharding is in staat om versoekings te verdra.
- 'n Ware geloof hou vol om reg te doen - die besitter van 'n ware geloof gaan homself dus nie in die ellendes laat insink nie.

Vers 4

Maar die lydsaamheid moet tot volle verwerkliking kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees en in niks kortkom nie. (Jakobus 1:4 AFR53)

Daar moet nou nog iets gebeur.

- Volharding/lydsaamheid is 'n gawe van God, maar dit kan ook weer deur sonde aangetas word.
- Die lydsaamheid moet dus groei - dit moet sy eindpunt waar maak, naamlik dat die gelowige so

volmaak word dat versoekings nie meer enige houvas op hom het nie.

Uiteraard praat die woord volmaaktheid nie van fisiese of liggaamlike volmaaktheid nie. Dit gaan oor sedelike volmaaktheid. Die hoogtepunt van volharding loop daarop uit dat daar niks ontbreek by die gelowige wat dit bereik nie.

Vers 5

En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid, wat aan almal eenvoudig gee sonder om te verwyte, en dit sal aan hom gegee word. (Jakobus 1:5 AFR53)

Daar is geen saaklike verband tussen vers 4 en 5 nie.

Die enigste verband is die woord kortkom (ontbreek) wat in altwee verse voorkom.

- In vers 5 word die woord nie in sedelike sin bedoel nie
- Motivering: Al die woorde in hierdie vers het 'n formele karakter, met ander woorde dit bedoel presies wat dit sê.

Waar kom die uitspraak dan vandaan en hoe pas dit in?

- Daar is 'n duidelike en saaklike verband tussen die twee verse en ook die wat volg: Om versoekings te kan teenstaan, het jy wysheid nodig.
- Daar is 'n verskil tussen wysheid en kennis:
 - Kennis is bloot 'n klomp feite waarvan jy weet en wat in jou brein vasgelê is. Jy kan baie kennis hê, en dan nog geen insig hê hoe om jou kennis aan te wend nie.
 - Wysheid is die insig wat die Heilige Gees in jou bewerk dat jy onder bepaalde omstandighede reg kan en moet optree, omdat jy kan sien wat die gevolge van jou optrede is. (Dit kan dalk ook intuïsie genoem word.)

As iemand dus in 'n versoeking beland en hy kan dit nie hanteer nie, dan lei hierdie betrokke versoeking nie die persoon tot die ideaal om volmaaktheid te bereik nie. Wat moet die persoon dan doen?

- Dan moet hy bid vir wysheid!
- Ja, hy mag, want God gee wysheid vir almal wat Hom daarom bid - sonder dat Hy die persoon eers verwyte oor al die foute wat hy gemaak het.
- Eenvoudig gee beteken ook dat die Here nie aan ons voorwaardes stel wat ons eers moet nakom nie. As ons God se eise kon nakom, het ons die versoening en voldoening deur die Here Jesus Christus nie nodig gehad nie.
- God sê byvoorbeeld nie verwytend vir ons dat ons teen dié tyd al wysheid behoort te gehad het nie.
- God gee wysheid suiwer uit genade en uit die oorfloed van sy liefde vir die wat in hulle nood na Hom toe gaan in hulle gebede.

Vers 6

Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. (Jakobus 1:6 AFR53)

Natuurlik sal die Here wysheid gee - maar dan moet daar op die regte manier gevra word - in die geloof.

Is dit nou nie so dat die Here voorwaardes stel nie? Die antwoord is: Nee!

- By mense wat elke dag met godsdiens te doen kry en selfs in die geloof/kerk grootword, bestaan 'n sterk moontlikheid dat hulle met die mond (net met die liggaam) bid, omdat hy weet wat om te doen. Hy het al die rympies van kleins af geleer.
- Maar sy hart is nie verbind met die Here nie.
- Van die begin af het die gelowiges dus nie van hierdie probleem losgekome nie, naamlik dat hulle gewoon geraak het aan die evangelie, en dan die lewende geloofsband met God verloor het.

Om te bid in die geloof, is dus nie 'n voorwaarde nie - dit word deur die Here veronderstel by die ware gelowige.

Al word die Here Jesus se Naam nie genoem nie, word die volle som van sy middelaarswerk veronderstel.

- Net deur die Here Jesus Christus kan daar trou en sekerheid wees wanneer ons bid.
- Net deur sy genade kan daar geen twyfel wees wat ons geloof en gebede met onsekerheid troebel maak nie.

Iemand wat twyfel as hy bid en die Here smeek vir wysheid, is soos golwe in stormsee wat deur winde heen en weer gewaai word.

- Hy storm skuimend op en dan val hy om en loop oor in 'n volgende golf wat net so rof en rigtingloos tekere gaan.
- Omdat hy nie rigting het nie, kom hy uiteindelik nêrens nie - hy woed net in homself.

Dink maar wat die Heilige Gees die profeet Jesaja hieroor laat skryf:

Maar die goddelose is soos 'n onstuimige see; want dit kan nie tot rus kom nie, en sy waters gooi slyk en modder op. (Jesaja 57:20 AFR53)

Vers 7 en 8

Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie - so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë. (Jakobus 1:7-8 AFR53)

Die Heilige Gees gee nog 'n rede:

- As iemand nie in die geloof bid nie, gaan hy niks ontvang nie.
- Dis logies: As God vir jou 'n vreemdeling is omdat daar geen gemeenskap tussen jou en die Here is nie, kan jy mos nie verwag dat Hy jou moet verhoor nie.
- Iemand wat twyfel, kan nie reken op verhoring nie, want hyself heg dan geen waarde/vertroue aan sy gebed nie - en ook nie aan sy voorneme om versoekings met wysheid te hanteer nie.
- Hy is dubbelhartig: hy bid wel tot God, maar hy twyfel of God sal help. Hy gaan dus klaar negatief na die Here toe: Hy is in homself nie oortuig dat hy die versoekings reg wil hanteer nie!
- Sy hart is by die aardse dinge. In Hoofstuk 4:4 word die saak weer verduidelikend aangesny:

Egbrekers en egbreeksters, weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God. (Jakobus 4:4 AFR53)

Die Heilige Gees sien 'n twyfelaar soos iemand wat sonder 'n stuur is (onbestendig).

- Hy is onberekenbaar.
- 'n Onbestendige ontvang nie by die Here wysheid om versoekings te hanteer nie. In hoofstuk 1:17 kom Jakobus weer hierop terug. (Is dit omdat hy self deur hierdie oefening is dat hy dit juis so goed weet?)

Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. (Jakobus 1:17 AFR53)

Vers 9 en 10

Maar laat die broeder wat gering is, roem in sy hoogheid, en die ryke in sy geringheid, want soos 'n blom van die gras sal hy verbygaan. (Jakobus 1:9-10 AFR53)

Die vers beskryf die gesindheid van die twee hoofgroepe bidders:

- Die een persoon gaan nederig bid. (Die Griekse woord beteken nie nederig nie: dit beteken klein/vanuit 'n lae posisie).
 - Hy weet hy is gering en hy wil werklik hê die Here moet hom help om versoekings te hanteer met goddelike wysheid.
 - Daarom kan hy roem in sy hoogheid (wat inderdaad God se hoogheid is, omdat Hy aan hom die wysheid gegee het om die versoekings reg te hanteer!).
 - Sy hoogheid bestaan dus in ware volharding van die geloof.
- Die ander persoon word as 'n ryke voorgestel wat in sy hoogheid en verwaandheid bid. (Dis 'n beeld wat uit die Ou Testament kom dat rykes dikwels tiranne was wat arm mense verdruk het omdat hulle mag gehad het.) Vgl Lukas 6:20, 24:

Toe slaan Hy sy oë op oor sy dissipels en sê: Salig is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God. (Lukas 6:20 AFR53)

Maar wee julle, rykes, want julle het jul troos weg. (Lukas 6:24 AFR53).

- Die (ongelowige) ryke besit geld, en daarin roem hy - ten onregte.
- Hy is dus gering in sy soort roem, want sy roem sal soos 'n veldblom verbygaan. Jakobus haal Jesaja 40:6, 7 aan:

'n Stem sê: Roep! En hy vra: Wat moet ek roep? Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos 'n blom van die veld. Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die Here daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras! (Jesaja 40:6-7 AFR53)

NB: Jakobus maak 'n baie merkwaardige vergelyking: Hy laat nie die rykdom verbygaan nie. Hy laat die ryke verbygaan. (Dis heeltemal anders as wat ons dit verwag!)

Die ryke sal uiteindelik sosiaal agteruitgaan. Soos wat tipies is van Jakobus se skryfstyl, kom hy hierop ook weer terug:

Julle rykdom is bedorwe, en julle klere is deur die motte verniel. Julle goud en silwer is verroes, en hulle roes sal tot 'n getuienis teen julle wees en sal soos 'n vuur julle vlees verteer. Julle het skatte vergader in die laaste dae. (Jakobus 5:2-3 AFR53)

God sal iemand wat verkeerde geloof het, afbreek totdat sy geloof reg is. Let op dat die teenstelling nie net lê tussen ryk en arm nie. Daar is nog 'n teenstelling:

- By die arme staan die kwalifikasie broeder,
- terwyl hierdie benoeming by die ryke ontbreek!

Die arme in die beeld wat Jakobus gebruik, het dus tot die Christene behoort, terwyl die ryke nie 'n gelowige was nie. Die troos is dus dat 'n arme wat glo, meer het om in te roem as 'n ryke wat nie glo nie:

- Die arme kry wysheid en genade by God en hy kan daarom versoekings weerstaan.
- Die ryke het niks om in te roem nie, want hy het nie die wysheid van God om versoekings te hanteer nie. Daarom gaan hy uiteindelik heeltemal (met alles wat hy het) verby (verlore!).

Vers 11

Want die son gaan op met sy hitte en laat die gras verdor, en sy blom val af, en die sierlikheid van sy gedaante vergaan; so sal die ryke ook in sy weë. (Jakobus 1:11 AFR53)

Die lot van 'n ryk ongelowige is paradoksaal. Daarom gebruik hy Jesaja se beeld van 'n veldblom - wat hulle almal baie goed geken het. Die ryke se pad loop soos 'n mooi veldblom se lewe:

- Dit wat jy vir 'n oomblik sien, is nie die eindadres nie. Die son (van God se geregtigheid) brand dit droog en weg, sodat daar niks van oorbly nie.
 - Al sy weë verwelk beteken dat alles wat hy doen misluk: of hy handel dryf of wat hy ook al onderneem, dit misluk omdat dit vol versoekings is. Die ryke weerstaan mos nie die versoekings nie. Nou haal die gebrek aan God se seën hom in!

Let wel:

- Die tydsvorm is ook belangrik: die vers begin in die praesens (teenwoordige tyd), maar eindig in die toekoms!
- Let ook op dat die dinge wat van die ryke gesê word nie vir die ryke self gesê word nie: dit word van die ryke vir die arme gesê!

Wat hier gebeur, is die volgende:

- Die arme word getroos met die sekerheid van sy geloof en sy toekoms - as hy ware geloof het, sal God hom van wysheid voorsien dat hy versoekings kan weerstaan.
- Hy moenie dink dat rykes se toekoms noodwendig rooskleurig is en dat rykdom/mag beteken dat jy die koninkryk van God gaan beërf nie - en dat so iemand versoekings kan weerstaan nie.

Vers 12

Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here beloof het aan die wat Hom liefhet. (Jakobus 1:12 AFR53)

Versoekings word nou weer direk aangespreek: In die eerste deel van die vers is 'n vermaning dat versoekings volhardend weerstaan moet word (aksioonsart: praesens). So iemand is salig.

Dis natuurlik 'n terugverwysing na vers 3, waar die volgende staan:

omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk. (Jakobus 1:3 AFR53)

Vers 12 bou nou verder daarop uit deur daarop te wys dat die opregtheid van iemand se geloof bewys word deur die feit dat hy versoekings deurstaan. Die een ding lei natuurlik tot die ander, want die werking van geloof lei daartoe dat ons versoekings weerstaan. Dit lei weer daartoe dat die wat dit regkry, by God die kroon van die lewe ontvang.

Die woord lewe beteken ewige lewe.

- Dit beteken die volheid van die ewige lewe wanneer ons die volle heerlikheid by die Here Jesus Christus ontvang.

Wie is nou die wat uiteindelik die kroon by die Here ontvang?

Die wat salig is, en die wat die versoeking verdra, en die wat die toets deurstaan, en wat die kroon van die Here ontvang, word net beskryf as die wat Hom liefhet

Dit is 'n uitdrukking wat oraloor in die Bybel voorkom:

So moet al u vyande, Here, omkom! Maar die wat Hom liefhet, is soos die opgang van die son in sy krag. (Rigters 5:31 AFR53)

Die Here bewaar almal wat Hom liefhet, maar Hy verdelg al die goddelose. (Psalms 145:20 AFR53)

Wie sy roede terughou, haat sy seun; maar hy wat hom liefhet, besoek hom met tugtiging. (Spreuke 13:24 AFR53)

En ek het tot die Here my God gebid en belydenis gedoen en gesê: Ag, Here, grote en gedugte God, wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom liefhet en sy gebooie onderhou, (Daniël 9:4 AFR53)

maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. (1 Korintiërs 2:9 AFR53)

en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou. (Eksodus 20:6 AFR53)

Die antwoord is dus dat die een wat die kroon/prys by die Here ontvang, die ware Christen is wat met opregtheid stry om te oorwin. Vergelyk hiervoor 1 Korintiërs 9:24:

Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. (1 Korintiërs 9:24 AFR53)

Wat is die kroon wat die Here ons sal gee? Vergelyk hiervoor:

En rondom die troon was daar vier en twintig trone, en op die trone het ek die vier en twintig ouderlinge sien sit, bekleed met wit klere; en hulle het goue krone op hulle hoofde gehad. (Openbaring 4:4 AFR53)

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. (Openbaring 2:10 AFR53)

neem dan aan silwer en goud, en maak 'n kroon en sit dit op die hoof van Josua, die seun van Jósadak, die hoëpriester, (Sagaria 6:11 AFR53)

Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het. (2 Timoteus 4:8 AFR53)

En wanneer die Opperherder verskyn, sal julle die onverwelklike kroon van heerlijkheid ontvang. (1 Petrus 5:4 AFR53)

Kyk, Ek kom gou! Hou vas wat jy het, sodat niemand jou kroon kan neem nie. (Openbaring 3:11 AFR53)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit perd. En hy wat daarop sit, het 'n boog; en aan hom is 'n kroon gegee, en hy het uitgegaan as 'n oorwinnaar en om te oorwin. (Openbaring 6:2 AFR53)

En ek het gesien, en kyk, daar was 'n wit wolk en een soos 'n Menseseun wat op die wolk sit, met 'n goue kroon op sy hoof en in sy hand 'n skerp sekel. (Openbaring 14:14 AFR53)

Vers 13

Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie. (Jakobus 1:13 AFR53)

Vers 3 het geleer dat die normale ding wat gebeur, is dat versoekings by Christene volharding in die geloof bewerk.

- Maar dit is ook moontlik dat 'n mens wat voor 'n versoeking te staan kom, in sonde kan val.
- Dan het hy na die verleidende stem van die Satan geluister.

Daar is 'n verskil tussen 'n versoeking en 'n beproewing. Daardie onderskeid word hier ingetrek.

- Versoeking is wanneer jy jousef aan die wellus van die sonde oorgee
- Beproewing is wanneer daar lyding (gewoonlik) oor jou kom wat deur God beskik is om jou geloof te louter of te toets.

Die gevaar bestaan dat 'n mens wat nie insig het nie, een van die volgende twee dinge doen:

- Hy verstaan nie die versoeking waarvoor hy te staan kom nie en dan raak hy teen God in opstand.
 - Dan is daar 'n verkeerde en sondige reaksie want die Here kry dan die skuld vir die dinge waarteen hyself sy man moet staan, en dan nie kan/wil nie.
- Die tweede is dat so 'n mens nie kan sien wanneer die Satan hom aanval en wanneer God hom beproef nie, en dan val hy in die versoeking waarvoor die Satan hom te staan bring.
 - Dan doen hy sonde omdat die Satan hom verlei het en hy dit nie kon insien nie.
 - Dan het die Satan 'n bondgenoot gekry in die sondige aard van die mens.

Dis op hierdie laaste geval wat hierdie aanmerking van Jakobus dui. Die ware gelowige moet dus die wysheid hê om te kan weet wanneer hy staan onder 'n beproewing wat deur God beskik word, en wanneer voor 'n versoeking wat deur die duiwel beskik word.

NB: Die implikasie is duidelik, naamlik dat die Satan 'n versoeking kan aanbied dat dit net soos 'n beproewing kan lyk!

In hierdie vers maak die Here dit baie duidelik dat Hy nooit die Bewerker van enige kwaad of sonde is nie: Hy versoek niemand nie!

- Die kwaad kan op God geen invloed uitoefen nie en het ook nog nooit enige invloed op Hom gehad nie.
- Kragtens God se heiligheid kan Hy ook nooit enige kwaad doen nie, en sal Hy nooit in enige kwaad verval nie.
- Daarom sal hierdie selfde heiligheid van God nooit iemand tot enige kwaad/sonde verlei nie.

Vers 14

Maar elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. (Jakobus 1:14 AFR53)

Hierdie vers gee die antwoord an die vraag wat vanself uit vers 15 ontstaan het: As God dan nie die

oorsaak is van versoekings nie, waar kom dit dan vandaan?

Natuurlik weet ons almal dat die Satan die oorsaak is! Daar is ten minste twee redes waarop ons dit kan grond:

- Hy het die sondeval in die Paradys veroorsaak - en hy het die mens se begeertes aangehits totdat dit deur die regte grense gebreek het en op verkeerde terrein dinge gaan doen het.
- Die Satan het die Here Jesus ook in die woestyn versoek. Hy het dit drie keer gedoen. Daar het hy ook sy bes probeer om verkeerde begeertes by die Here Jesus wakker te maak

Jakobus gaan egter nie so ver terug nie. Hy ken 'n bron baie nader aan die gelowiges - die mens self (hulleself/onself!). Om te begeer is natuurlik die moeder van alle sondes en is totaal eie aan elke mens.

Hierdie uitspraak sluit natuurlik heeltemal aan by die Tiende Gebod: Jy mag nie begeer nie!

- Die begeerte moet eers die woord of daad bevrug voordat dit aan sonde geboorte kan gee.
- Die Heilige Gees noem dit hier weggesleep en verlok word.

Sy slotsom is dus dat daar in die mens iets antigoddeliks is wat hom baie ryp maak om aan sy eie begeertes vrye teuels te gee - en dan diep in die sonde te val.

Vers 15

Daarna, as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde; en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort. (Jakobus 1:15 AFR53)

Vers 14 en vers 15 is die Heilige Gees se reaksie op die uitspraak wat deur gelowiges gemaak word dat versoekings van God af kom.

- Sulke mense het dus in beginsel alreeds die verkeerde pad gekies (in die versoeking geval om hulle eie foute voor God se deur te gaan neersit).
- Vir hierdie mense word die proses beskryf:
 - Wat gebeur as 'n mens in versoeking val, en
 - wat die gevolge daarvan is.

Die proses verloop so:

- Eers begin die begeerlikheid om die mens te verlei (die mens begin 'n verhouding met die begeerlikheid).
- Dan word die begeerlikheid bevrug en sonde word gebore ('n ongewenste swangerskap met die gevolge daarvan).
 - Die mens wat die sonde doen, kom nou eers agter waarheen die begeerlikheid hom verlei het!
 - Die sonde laat die dader daarvan met smet en onreinheid.
- As die mens wat nou in hierdie versoeking geval het nie tot bekering kom nie, is die volgende stap die dood: God se oordeel. Vergelyk hier Romeine 6:23

Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here. (Romeine 6:23 AFR53)

- Daarom moet hy nie toelaat dat sy begeerlikhede en die daaropvolgende sonde(s) tot ontwikkeling kom nie.
 - Al staan dit nie in soveel woorde nie, is die implikasie dat God se genade altyd tussenbeide

sal tree vir mense wat met die sonde en die gepaardgaande begeerlikheid breek.

Vers 16

Moenie dwaal nie, my geliefde broeders. (Jakobus 1:16 AFR53)

Die bedoeling van hierdie sin is:

- Kom terug van die dwaalweg af waarop julle alreeds besig was.
- Moenie aangaan met hierdie dwaling nie.

Die bewoënheid van die Here (en van Jakobus) kom duidelik uit in die woorde: My geliefde broeders.

Moenie dwaal nie, was blykbaar die normale manier om mense tot bekering op te roep. Vergelyk die volgende uitsprake:

Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodediensers of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. (1 Korintiërs 6:10 AFR53)

Moenie dwaal nie; slegte gesprekke bederf goeie sedes. (1 Korintiërs 15:33 AFR53)

Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai. (Galasiërs 6:7 AFR53)

Vers 17

Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie. (Jakobus 1:17 AFR53)

Die mens het uit homself niks.

- 'n Mens is net nie in homself tot iets goeds in staat nie.
- Alles wat goed is kom van Bo af.
- God gee dus uit die hemel uit die hoogste dinge wat 'n mens kan bereik.

Daar is twee verskillende beskrywings van die Here:

- Die woorde van bo af beskryf die blyplek van God.
- Die Vader van die ligte, beskryf die heerlikheid van God. Vergelyk hiervoor 'n uitspraak wat aansluit by Jakobus 1:17 - en dit ook duidelik maak:

wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, wat alleen onsterflikheid besit en 'n ontoeganklike lig bewoon, wat geen mens gesien het of kan sien nie, aan wie toekom eer en ewige krag. Amen. (1 Timoteus 6:15-16 AFR53)

Verandering en omkering is twee bekende woorde uit die (destydse) sterrekunde.

- Die twee woorde sluit waarskynlik aan by ligte en beskryf daarmee die almag en onmeetbare grootheid van God.
- Die twee woorde is gebruik om die vaste bane van die sterre (en die maan) in hulle beweging om die son te beskryf. Hulle dwaal nie rond nie, maar bly op 'n baie presiese spoor.
- Net so is God ook onveranderlik.

Wat bedoel hy met God se onveranderlikheid? Wat moet dit vir die lesers van sy brief beteken?

- God verander nooit nie. Hy gee altyd die goeie vir die wat Hy liefhet.
- Daarom kan versoekings wat sonde tot gevolg het, nooit van God af kom nie.
- Die Here sal dus nooit so iets op ons pad bring nie!

Vers 18

Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid, sodat ons as eersteling van sy skepsele kan wees. (Jakobus 1:18 AFR53)

Vers 18 beskryf ook die onveranderlikheid van God - maar op 'n baie baie besondere manier:

Hierdie vers sluit aan by vers 15 maar as 'n presiese teenoorgestelde:

- Ons begeerlikhede raak swanger en dan gee ons geboorte aan sonde en uiteindelik die dood.
- Lynreg daarteenoor het God geboorte gegee aan ons.
 - Die woord voortgebring is 'n woord wat konsekwent van vroue gebruik word wat kraam.
 - Hier word dit gebruik van God se skepping van die mens.
- God het ons voortgebring deur die woord van die waarheid:

En God het gesê: Laat ons mense maak na Ons beeld en Ons gelykenis.

- Hy wil ons dus nie versoek en met sonde bevlek laat raak nie.
- Hy wil hê ons moet sy ongeskende beeld van heerlijkheid vertoon.

Die onveranderlikheid van God lê daarin dat dit is wat Hy wil doen.

- Hy weet wat Hy doen (en gedoen het) toe Hy mense voortgebring het.
- Niemand dwing Hom nie. Hy wil uit Homself die hoogste goed vir die mens gee.

Vergelyk hiervoor ook Efesiërs 1:11 en Efesiërs 1:4:

in Hom in wie ons ook 'n erfdeel ontvang het nadat ons vantevore daartoe verordineer is ooreenkomstig die voorneme van Hom wat alles werk volgens die raad van sy wil, (Efesiërs 1:11 AFR53)

soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehag van sy wil, (Efesiërs 1:4-5 AFR53)

In hierdie verse word die wedergeboorte van die sondaar beskryf:

- God lei ons nie in versoeking nie.
- Hy lei ons uit die versoeking uit met die wedergeboorte.

Die woord van die waarheid beteken ook die Woord van God - die Bybel wat sy openbaring is.

- Deur sy Woord wat die waarheid is en sy Gees laat Hy ons wedergebore word. Vergelyk hierby die uitspraak van die apostel Petrus:

want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. (1 Petrus 1:23 AFR53)

God laat dus eerstelinge (uitgegroeide Christene) ontstaan deur die evangelie: die inwerking van sy Woord en Gees.

- Die eerstelinge is die beste deel van die oes. In ons geval is ons die beste deel van God se skepping.
- Ons moet dus ook as eerstelinge ons lig laat skyn in die skepping deur versoeking te weerstaan en te oorwin.

sodat julle onberispelik en opreg kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld, (Filippense 2:15 AFR53)

Julle is die lig van die wêreld. 'n Stad wat bo-op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie; (Matteus 5:14 AFR53)

Vers 19-27

So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word.

- Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie.
- Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red.

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie.

- Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie,
 - dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien;
 - want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.
- Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly,
 - hy sal,
 - omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie,
 - maar 'n dader van die werk,
 - gelukkig wees in wat hy doen.

As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is

- en sy tong nie in toom hou nie,
- maar sy hart mislei,
- die godsdiens van hierdie man is tevergeefs.

Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít:

- om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek
- en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld. (Jakobus 1:19-27 AFR53)

Vers 19

So dan, my geliefde broeders, elke mens moet gou wees om te hoor, stadig om te praat, stadig om toornig te word. (Jakobus 1:19 AFR53)

Die stuk is tiperend van die hele Jakobusbrief: Die gelowiges word vermaan om baie eerlik en opreg te lewe. Doen goeie werke voor die Here ter wille van die Here wat dit in ons werk.

Die woorde so dan beteken eintlik in Grieks: weet dan (julle besef mos!).

Wat moet die verstrooide gelowiges dan weet (wat weet hulle mos)?

- Dat 'n mens moet leer om te luister wat ander mense sê
- en nie sommer net kwaad word vir niks nie!

Die aanspraak word gemaak na aanleiding van misstande wat daar onder die destydse gelowiges was dat 'n mens maar mag kwaad word en sê wat jy wil.

- Van die kommentare beweer dat onbeheersdheid, nl. om met 'n stortvloed van woorde los te trek as iemand hom vererg, eie is aan die aard van die Oosterse Semiet vir wie Jakobus skryf.
- Nou leer die Heilige Gees hulle dat dit nie reg en mooi is nie. Om kwaad te word, is dus ook 'n versoeking wat voor jou lê waarvan jy jou moet weerhou.

Om goed te kan luister as ander mense praat, is 'n kuns. Daar is min mense wat dit kan doen. Meestal hoor 'n mens iets raak en dan berei jy so voor teen dit wat jy meen dat jy gehoor het dat jy terugpraat in ontsteldheid sonder dat jy by die waarheid uitkom.

Daarom vereis die Heilige Gees 'n gekwalifiseerde tipe hoor/luister:

- Jy moet die ander persoon kans gee om sy saak goed en voluit te stel
- Terwyl die persoon sy saak stel, moet jy seker maak jy hoor wat die persoon te sê het, sodat jy verstaan wat die saak is!
- Jy moet dus vinnig wees om te hoor. **Ταχος** beteken: haastig, vinnig, snel, met spoed.

Die luister word natuurlik opgevolg met 'n antwoord. Dit word ook gekwalifiseer:

- Daar moet stadig geantwoord word.
- Dit beteken:
 - wees bereid om te luister
 - wees geduldig terwyl jy luister
 - deurdink eers die saak voordat jy praat
- Waarom? Omdat 'n mens dalk kan kwaad word as jy te vinnig praat! En die Here verbied toornigheid en woede.

Buitendien, uit 'n gemoed wat vol woede is, kan daar nie die nugtere liefde van die Here kom nie.

Vers 20

Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie. (Jakobus 1:20 AFR53)

Hier is twee sake wat lynreg teenoor mekaar staan:

- Die een is: die toorn van 'n man
- En die ander is: die geregtigheid voor God

Die toorn waarvan die Bybel hier praat, is nie die heilige toorn van God nie.

- Dit bedoel onregverdige toorn wat nie deurdink is en nie deur die Heilige Gees hanteer en begelei word nie.
- Dit bedoel woede/toorn wat sommer dadelik in 'n mens opspring wanneer jy jou vervies (woedend word) en dan dinge praat wat God en jou naaste tot oneer is.

Dis duidelik dat die bergrede van die Here Jesus die agtergrond vorm van die Jakobusbrief.

Die brief impliseer 'n duidelike onderskeid tussen twee soorte geregtigheid (soos die Here Jesus daarna verwys het):

Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. (Matteus 5:20 AFR53)

- Die een soort geregtigheid is die geregtigheid van die Fariseërs. Dis 'n uiterlike geregtigheid waarmee jy na die uiterlike die wet onderhou.
- Die ander geregtigheid is 'n najaag van die gebooie van die Here met 'n rein hart.

Jakobus onthou wat Jesus gesê het:

Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is. (Matteus 5:48 AFR53)

Om volmaak te wees, moet 'n mens ook volmaakte geregtigheid kan uitoefen.

- Dit kry sondige mense nie reg nie, want as ons dit wil doen as ons kwaad is, gaan ons presies die teenoorgestelde doen en wees as wat die Here van ons vra.
- Dan word ons gelei deur 'n toorn wat deur die duiwel aangesteek word en wat ons bose dinge laat sê.

Daarom word die twee sake so skerp teenoor mekaar gestel.

Vers 21

Daarom, doen afstand van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid, en ontvang met sagmoedigheid die ingeplante woord, wat in staat is om julle siele te red. (Jakobus 1:21 AFR53)

Die daarom dui daarop dat die soort toorn waarvan vers 20 praat 'n verkeerde soort toorn is.

- Daardie soort toorn maak dat 'n mens vuil word.
- En dit veroorsaak 'n oorvloed (groot hoeveelheid) boosheid in die mens.

Dit is 'n beeld wat gebruik word om aan te dui wat in 'n mens se hart (gesindheid/innerlike) gebeur as 'n mens deur onbeheersde woede beheer word.

- Die vuilheid wys op 'n toestand van besmetting en onreinheid wat weer op hulle beurt aanleiding vir verdere sonde gee.
- Die kwaad/boosheid (**κακιας**) vloei oor (soos 'n beker wat oorloop) en word aan jou buitekant sigbaar.

Die woorde van alle vuiligheid en oorvloed van boosheid is inderdaad twee verskillende uitdrukkings:

- Die eerste uitdrukking beskryf 'n toestand: alle vuilheid
- En die tweede uitdrukking beskryf die gevolge van die eerste een: die kwaad (alle vuilheid) breek dan uit jou uit en word na buite toe sigbaar.

Gelukkig kan 'n mens uit hierdie toestand uitkom: doen afstand.

Letterlik: sit dit weg van jou af neer / plaas dit weg van jou af!

Die woord ontvang wys daarop dat jy bewustelik die genade van God vir jouself moet toe-eien. Die woord beteken letterlik om dit met jou regterhand te vat: ontvang.

Hoe kry ons dit reg?

Met sagmoedigheid.

- Sagmoedigheid staan teenoor toorn.
- Die Heilige Gees werk nie met geweld nie. Hy vermaan en berispe.
- Dit bewerk seën, want die ingeplante woord gee lewe.
 - Die woord vir ingeplant beteken letterlik: wat binne-in groei.
 - Die ingeplante woord is in staat/kan ons siele red.
 - Die ingeplante woord kan red omdat dit saamgroeï
- Die een wat dink en luister voor hy kwaad word, lewe dus uit die woord: hy groei saam/hy word wedergebore/kom tot bekering

Die woord van God bewerk dus lewensverandering.

- Dit verander die hele lewe van die mens wat bereid is om deeglik te luister en baie stadig is om kwaad te word.
- So word die hele mens deur die Here Jesus Christus bewaar - as die mens bereid is om die woord te aanvaar.

Vers 22

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. (Jakobus 1:22 AFR53)

Daar word nou 'n tweede saak gestel:

- Die eerste was: luister vinnig en raak stadig kwaad
- Nou word daar gesê: As jy dit (v.21) kan aanvaar, gaan doen dit dan!

Daders van die Woord:

- Dis mense wat kan rekenskap gee van wat hulle uit die woord van God gehoor het.
- Die vorm waarin dit in die Grieks staan, beteken: bly daders van die woord!

Wat hier dus onderstreep word, is dat daar by die ware gelowige meer moet wees as om net die woord van die Here te hoor.

- Dit help niks om die woord van God te bestudeer, maar dit leef en verstig nie binne in jou nie.
- As jy die inhoud van God se wil nie vir jou rekening neem nie, is jy besig met selfbedrog.

Vers 23, 24.

Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, dié is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. (Jakobus 1:23-24 AFR53)

Die vers vra onderskeidingsvermoë: Hier staan nie geskryf dat daar niemand (geen mens) is wat kan onthou hoe hy/sy lyk nadat hy/sy homself in die spieël gesien het nie.

Dit gaan daaroor dat daar inderdaad sekere mense is wat vir homself in die spieël kyk, en dan dadelik

vergeet wat het hy in die spieël gesien: hy het nie vir genoeg detail gekyk nie, en nou kan hy nie onthou wat het hy alles gesien nie.

Net so is dit met iemand wat oppervlakkig met die woord van God omgaan.

- Dit dring nie diep genoeg in hom in dat dit daar kan bly, sodat hy sy lewedaarvolgens inrig nie.
 - Hy hoor,
 - probeer so bietjie om dinge te doen
 - en dan raak alles vergete.
- Hy is 'n hoorder wat nie by 'n volle bekeringslewe (dader) kan uitkom nie.

Vers 25

Maar hy wat diep insien in die volmaakte wet van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen. (Jakobus 1:25 AFR53)

Hierdie vers stel 'n volledige kontras met die vorige vers.

Die woord wat ons vertaal met diep insien (**παρακλυτω**) beteken *om vooroor te buk en diep te kyk* (na iets).

- Die beeld is waarskynlik die van iemand wat vooroor gebuk sit en 'n boekrol (die Wet) bestudeer.
- Die instudeerwerk vereis inspanning van die een wat dit doen.
- Die Wet van die Here word gekarakteriseer: dis volkome/volmaak. Die veronderstelling is dat dit die mens ook na 'n hoogtepunt toe neem.
- Die wet maak mens ook vry. Dit maak jou vry van die dwang van die sonde, en dit laat jou lewe volgens die doel van ons bestaan: in die vryheid van God se genade as mens van God.

Die diep inkyk in werp vrugte af, want hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, gelukkig wees in wat hy doen.

- Die feit dat hy nie vergeetagtig is nie, beteken dat so 'n mens verstaan dat die wet van die Here die volle mens opeis - ook sy innerlike.
- Die ware gelowige bly sy lewe lank by die wet, omdat hy nie vergeet wat die wet van hom vra nie.
- Daarom doen hy die hele tyd wat die wet van hom vra.

So kom dit wat mens glo na vore in dit wat mens doen.

So 'n mens is dan ook gelukkig in wat hy doen. Sy vreugde is nie net omdat die Here hom seën nie - dis ook omdat sy eie werke hom van sy geloof verseker.

Vers 26

As iemand onder julle meen dat hy godsdienstig is en sy tong nie in toom hou nie, maar sy hart mislei, die godsdien van hierdie man is tevergeefs. (Jakobus 1:26 AFR53)

Jakobus kom nou terug na die erediens toe.

- In die Joodse kultuur was die onderhouding van die wet en 'n lewe wat by die wet pas, baie belangrik.
- Die eerste Christene het hierdie siening net so oorgeneem.
- Dis waarby Jakobus nou aansluit.

Die gevaar kon dus bestaan dat iemand dink dat hy baie godsdienstig is as hy net die seremoniële wet in ag neem en onderhou.

Nou maak die Heilige Gees die aanspraak dat jou hart ook daarmee warm moet wees.

Vergelyk dit met die volgende uitspraak van die Here Jesus:

Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat. (Matteus 23:23 AFR53)

Jy kan dus die wet so onderhou dat jy die vernaamste deel van die wet heeltemal mis.

- Hier word die sonde van die tong bygetrek: woede, beledigings en onnodige bitsigheid.
- Iemand wat godsdienstig is, is ook in staat om sy tong in toom te hou - sodat sy tong nie getuig van die bose drifte wat binne in hom is nie!
- Iemand wat nie sy tong kan beheer nie, bedrieg sy hart, want hy mis die reël van godsdiens, naamlik om versoekings te weerstaan.

Vers 27

Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld. (Jakobus 1:27 AFR53)

Die vers gee nog twee (heeltemal ander) eienskappe van ware godsdiens. Ware godsdiens het bepaalde gevolge:

- Dit word in jou optrede gesien.
 - Versorg en reik uit na die weduwees en weeskinders
 - Bewaar jouself vlekkeloos van die wêreld.

Eers word 'n ware godsdiens deeglik beskryf:

- Dit is rein en onbesmet.
- Die reinheid en onbesmetheid word deur God wat ons Vader is, bepaal

Ons Vader het ook ander kinders: weduwees en weeskinders.

Die huisgesin van God het 'n verantwoordelikheid teenoor mekaar. Ons kan nie selfsugtig net elkeen vir homself neskrop nie.

Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! Om hierdie rede ken die wêreld ons nie, omdat dit Hom nie geken het nie. Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is. Elkeen wat die sonde doen, doen ook die wetteloosheid, want die sonde is wetteloosheid. (1 Johannes 3:1-4 AFR53)

Iemand wat na ander mense omsien, sorg dat hy nie self ook in allerhande versoekings val nie. Hy bewaar hmself vlekkeloos van die wêreld.

Vergelyk hiermee saam:

Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld liefhet, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie. Want alles wat in die wêreld is-die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld. (1 Johannes 2:15-16 AFR53)

Jy kan nie die Here en die wêreld dien nie. Die ware godsdiens bestaan daarin dat jy jou vry hou van die wêreld. Waak dus in jou eie hart teen die onreinheid van die sondes wat in die wêreld aan die gang is.